Hersien volgens die KABV

Graad 2



Lewensvaardigheid in AFRIKAANS

Boek 1
Kwartaal 1&2



Naam:

Klas:

ISBN 978-1-4315-0253-0

Rainbow WORKBOOKS

LIFE SKILLS IN AFRIKAANS
GRADE 2 – BOOK 1
TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-4315-0253-0
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.
9th Edition

Workbooks available in this series:

- *Grade R (in all official Languages);*
- *Literacy/Home Language Grades 1 to 6 (in all 11 official Languages);*
- *Mathematics Grades 1 to 3 (in all 11 official Languages);*
- *Mathematics Grades 4 to 9 (in Afrikaans and English);*
- *Life Skills Grades 1 to 3 (in all 11 official Languages); and*
- *Grades 1 to 6 English First Additional Language.*

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Inhoud

Kwartaal 1		Bladsy
1	Ons het gesonde voedsel nodig om te leef	2
2	Water gee ons lewe	4
3	Ons bespaar water	6
4	Skoon lug gee ons energie	8
5	Ek en my maats	10
6	Die mense rondom ons	12
7	Niemand mag afgeknou word nie	14
8	Almal is besonders	16
9	Hoe ons voel	18
10	Mense met gestremdhede	20
11	Alle kinders is besonders	22
12	My held	24
13	Ons suiwer water	26
14	'n Gesonde lewenswyse	28
15	Bederfbare en nie-bederfbare produkte	30
16	Godsdienstige en ander spesiale dae	32

Kwartaal 2		Bladsy
17	Die seisoene	34
18	Die vier seisoene	36
19	Die seisoene	38
20	Ons trek reg aan vir die weer	40
21	Die invloed van die seisoene	42
22	Ons kweek 'n boontjieplant	44
23	Plaasdiere	46
24	Op die plaas	48
25	Wilde diere	50
26	Hoe diere wegkruip	52
27	Waterdiere	54
28	Diere van die diepsee	55
29	Dierekuns	56
30	Diere wat hul huise met hulle saamdra	58
31	Diere wat skuilings bou	60
32	Woordeboek	62













Mev. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys



Mnr. Enver Surty, Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty.

Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys wat daarop gemik is om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie, en is deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie moontlik gemaak. Aldus is die Departement in staat gestel om die boeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind, en dat dit u sal help om seker te maak dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die werkboeke is voorsien van ikone wat aandui wat die leerders te doen staan.

Ons hoop ook dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle gaan geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education

Ninth edition 2019

ISBN 978-1-4315-0253-0

This book may not be sold.

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

Graad 2



Lewensvaardigheid in AFRIKAANS Boek 1



Hierdie boek behoort aan:

1

Ons het gesonde voedsel nodig om te leef



Ons lees

Ons liggame het gesonde voedsel nodig sodat ons kan groei. Ons moet elke dag van elkeen van die voedselgroepe eet. Ons het ook gesonde voedsel nodig om vir ons genoeg energie te gee om alles te doen wat ons moet doen. As ons nie gesonde voedsel eet nie, kan ons baie siek word.

Die vyf voedselgroepe



Datum: .....

Ons doen

Praat met jou maat oor watter van hierdie voedselsoorte gesond is. Omkring hulle.



Ons skryf

Verbeel jou dat jy saam met jou mamma supermark toe gaan om iets vir aandete te koop. Maak 'n inkopielys van soorte voedsels wat gesond sal wees vir jou gesin om te eet.

INKOPIELYS



Onderwyser:

Teken:

Datum:

2

Water gee ons lewe

Ons praat

Waarom het ons water nodig? Mense, plante en diere het almal water nodig om aan die lewe te bly. Water help ook ons liggame om afval te verwyder.







Ons doen

Ons gebruik elke dag water tuis. Vertel vir jou maat van al die dinge waaraan jy kan dink waarvoor ons water gebruik. Teken dan 4 prente om te wys hoe ons water gebruik. Skryf 'n opskrif by elke prent om te verduidelik waaroor dit handel.

Datum: .....

Ons skryf

Waar kry ons water vandaan?
Verbind elke woord met die korrekte prent.







fontein
windpomp
rivier
dam
put





Gaan buitentoe

Voordat jy met 'n aktiwiteit buite begin, moet jy jou eers soos 'n kat uitstrek. Dit sal jou liggaam help om makliker te beweeg. Na die aktiwiteit moet jy ook strek om te ontspan en af te koel. Dit sal jou help om nie spierpyne te kry nie. Doen nou hierdie vier aktiwiteite.





- Spring soos 'n padda. Maak paddageluide.
- Gooi 'n boontjiesakkie vir mekaar. Vang dit.
- Gooi 'n bal of boontjiesakkie dan hoog in die lug op en vang dit weer.
- Balanseer 'n boontjiesakkie bo-op jou kop en kyk of jy vinniger as jou maat kan stap. Kyk hoe lank jy die boontjiesakkie op jou kop kan hou.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

3

Ons bespaar water



Ons praat

Water is baie kosbaar, daarom moet ons dit nie vermors nie. Gesels met jou maats oor verskillende maniere waarop ons water kan bespaar.

Ons skryf

Skryf twee maniere waarop ons water kan bespaar in die spasies hieronder.

1. _____

_____

2. _____

_____

Ons doen

Gebruik jou kleurpotlode om 'n kleurvolle plakkaat oor waterbesparing te maak. Jou plakkaat moet ander mense aanmoedig om water te bespaar. Wanneer jy jou plakkaat gemaak het, wys dit vir jou maats.



Datum: .....



Gaan buitentoe

Kom ons speel die speletjie "Wolf, Wolf, hoe laat is dit?"

Een van julle moet die wolf wees.

Maak beurte om te vra:
"Wolf, Wolf, hoe laat is dit?"

Elke keer wanneer jy vra, moet die wolf sê hoe laat dit is.

Maar wanneer die wolf "Etenstyd!" antwoord, sal hy julle begin jaag. Dan moet julle hardloop sodat hy julle nie vang nie.



Jy en jou maat kan nou met 'n hoepel speel. Maak beurte om oor die hoepel te loop, eers op jou voete en dan op jou hande. Luister na wat jou onderwyser sê om dit veilig te doen.

Hou die hoepel dan regop terwyl jou maat daardeur kruip. Maak beurte om dit te doen.



Oefen laastens in groepe van 4 'n Suid-Afrikaanse dans en bied dit aan.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

Skoon lug gee ons energie



Ons lees

Die lug wat ons inasem, bevat suurstof. Dit help ons liggame om die voedsel wat ons eet, te gebruik. So kry ons die energie wat ons nodig het om te leef. Wanneer ons vuil lug inasem, kan ons liggame nie behoorlik werk nie.



Ons skryf

Voltooi saam met jou maat hierdie sinne:

Ek het skoon lug nodig omdat _____

Wanneer die lug vuil is, _____

Die lug word vuil wanneer _____

Wat ons kan doen om die lug skoon te hou:

1. _____

2. _____



Datum: .....

Ons lees

Ons het sonlig nodig om gelukkig en gesond te bly. Dit help ons liggame om vitamien D te maak. Ons het vitamien D nodig om sterk bene te bou. Te veel sonlig kan ook sleg wees. Ons kan brand, wat baie seer is. Jy moet sonskerm of 'n sonhoed gebruik om jou vel teen die son te beskerm.



Ons skryf

Vul die spasies hieronder in:

Skryf drie sinne oor hoe jy jou kan beskerm teen die son se strale.

1. _____

2. _____

3. _____

Ons sing

Sing hierdie liedjie en klap jou hande op die maat daarvan. (Sing op die wysie van "You are my sunshine")

Hier kom die sonskyn,
die voëltjies vrolik.
Die son word warmer,
Elke boom is groen.
Die blomme bloedrooi,
Die somer is lekker –
In soveel kleure is hy opgetooi.



Jy moet sonskerm of 'n sonhoed gebruik om jou vel teen die son te beskerm.



Onderwyser:
Teken:
Datum:

5

Ek en my maats

Ons praat

Ons hou almal daarvan om goeie maats te hê. Hoe weet jy wanneer iemand 'n goeie maat is?



Ons skryf

Maak in die spasie hieronder 'n lys van die dinge wat van iemand 'n goeie maat maak.

1. _____

2. _____

3. _____

4. _____

Ons skryf

Dink na oor hierdie vrae en skryf dan jou antwoorde neer.

Hoeveel maats het jy?
Skryf die naam van een van jou beste maats.
Hoe lank is julle al maats?
Wat is besonders omtrent hierdie maat?

Datum: .....



Ons praat

Sit by jou maat en praat oor hierdie stellings. Maak 'n regmerkie (✔) indien dit waar is en 'n kruisie (✘) indien dit nie waar is nie.

Maatkontrolelys

	Maak 'n ✔ of 'n ✘
My maat gee om vir my.	
My maat help my.	
My maat deel met my.	
My maat baklei nie met my nie.	



Ons doen

Dink aan iets wat jy kan doen om jou maat spesiaal te laat voel. Teken dan 'n prentjie daarvan in die raam. Onthou om die raam van jou prent te versier. Gesels dan met jou maat oor die koel en die warm kleure wat jy in die prent gebruik het.



Ons skryf

Skryf 2 sinne oor jou prentjie.



6 Die mense rondom ons

Ons praat

Kyk na die prente. Dink na oor wat goeie maats doen en praat in 'n groep daaroor. Dink nou aan wat slegte maats doen. Maak 'n regmerkie (✔) in die ster by elke prentjie oor goeie vriendskap en 'n kruisie (✘) by elke prentjie oor slegte vriendskap.



Datum: .....

Ons lees

Lees elk van hierdie sinne en kleur dan die Ja-gesiggie ☺ of die Nee-gesiggie ☹ in.

Ek is 'n goeie maat.		
Ek gee om vir my maats. 		
Ek is gaaf met my klasmaats.		
My klasmaats is gaaf met my.		
Ek is gaaf met die mense om my. 		

Gaan buitentoe

Kom ons speel "Trap op my skaduwee".

Jy en jou maats moet probeer om op mekaar se skaduwees te trap. Maak beurte om te kyk op hoeveel skaduwees julle kan trap. Julle moet bly beweeg om te keer dat julle maats op jul skaduwees trap.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

7

Niemand mag afgeknou word nie

Ons skryf

Kyk na elk van hierdie prente.

Wat sou jy doen as jy die kind was wat afgeknou word? Skryf langs elke prent een sin oor hoe ons ander mense behoort te behandel.







Datum: .....



Ons doen

Dink 'n rolspel saam met jou maat uit oor 'n kind wat 'n ander kind afknou. Sê vir mekaar wat ons kan doen om te keer dat enigiemand afgeknou word.





Gaan buitentoe

Rangskik julleself in spanne van 5.



Staan in 'n ry en gee vir mekaar 'n bal aan. Kyk watter span die bal die vinnigste tot by die laaste kind kan aangee. Probeer die bal dan op verskillende maniere aangee.

- Gee die bal tussen jou bene vir die maat agter jou aan.
- Gee die bal oor jou kop vir die maat agter jou aan.
- Gee die bal na links vir die maat agter jou aan.
- Gee die bal na regs vir die volgende maat aan.
- Gooi die bal nou vir mekaar en kyk wie dit die meeste kere kan vang.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

8

Almal is besonders

Ons praat

Kyk na die prente en sê hoe hierdie kinders eners is. Sê nou hoe hulle verskil.

















Datum: .....



Ons lees

Doen die volgende aktiwiteit in 'n groep. Kyk na al die ander kinders in jou klas. Lees dan elk van die volgende stellings. Indien 'n stelling waar is, maak 'n regmerkie (✔) in die raampie aan die regterkant en indien die stelling onwaar is, maak 'n kruisie (✘).

	Maak 'n ✔ of 'n ✘
Lyk die seuns en die dogters dieselfde?	
Het almal dieselfde kleur hare?	
Het almal dieselfde kleur oë?	
Is almal se hande ewe groot?	
Is almal ewe lank?	



Ons praat

Sien jy dat ons almal verskillend is? En sien jy dat ons ook almal eners is? Praat oor die maniere waarop ons eners is.



Ons teken

Teken 'n prent van jouself. Gebruik dan lipstiffie om jou unieke vingerafdruk in die klein raampie te maak.



Het jy geweet dat niemand anders in die wêreld jou vingerafdruk het nie? Jy is uniek en besonders!



Onderwyser:

Teken:

Datum:

9

Hoe ons voel

Ons praat

Praat met mekaar oor hoe julle voel wanneer iets goeds met julle gebeur.
Praat dan oor hoe julle voel wanneer iets slegs met julle gebeur.
Ons noem hierdie gevoelens emosies.









Ons skryf

Skryf antwoorde op die vrae hieronder.

Wat maak jou bly?
Wat maak jou hartseer?
Wat maak jou bang?
Wat maak jou gelukkig?

Datum: .....



Ons doen



Teken hierdie vriendskapsketting en kleur dit in. Elke pop moet anders lyk, om te wys dat ons almal verskillend en uniek is. Knip dan die vriendskapsketting op die knipselblad in die middel van die boek uit. Maak seker dat elke pop anders lyk. Laat dit op jou bank staan om jou daaraan te herinner dat ons almal verskillend is.





Gaan buitentoe

Maak jouself so groot soos jy kan. Probeer jouself dan so klein maak soos jy kan.

Maak jouself nou so lank soos jy kan en dan so kort soos jy kan.





Onderwyser:

Teken:

Datum:

Mense met gestremdhede

Ons praat Kyk na die prente.



- Watter verskillende soorte gestremdhede sien jy?
- Wat gebruik elk van hierdie kinders om hulleself te help?
- Met watter soort probleme het hierdie kinders daagliks te make?
- Gesels oor hoe ons hulle kan help.

Ons skryf Kyk na hierdie prente. Voltooi die sinne.



Rina kan nie loop nie.

Sy gebruik 'n _____ om rond te beweeg.

rolstoel



Thabo is blind. Hy gebruik 'n _____ om oor die weg te kom.

gidshond



Datum: .....

gehoorapparaat





Pieter is doof.
Hy gebruik
'n _____ om hom te help
om te hoor.

gebaretaal



Jabu kan nie praat nie. Hy
gebruik _____
om te kommunikeer.

krukke





Nomsa gebruik
_____
om te kan loop.



Ons doen

Gebruik klei of speelklei om vir jou 'n blompot of 'n koppie te maak.



Onderwyser:
Teken:
Datum:

11 Alle kinders is besonders

Ons praat Hoe verskil hierdie kinders van jou?
Hoe is hulle net soos jy?



Ons lees Mense oral ter wêreld vier spesiale feesdae.



Ons hou almal daarvan om te speel en te sing.
Ons het almal voedsel nodig.
Ons moet almal skoolgaan.
Wanneer ons siek is, het ons almal 'n dokter nodig.
Ons moet almal netjies en skoon bly.
Ons behoort nie buite die huis te werk nie.
Ons is almal kinders.

Datum: .....

Ons skryf

Stel aan 3 maats hierdie vrae. Vul hul antwoorde in die spasies hieronder in.

	1	2	3
Vul jou maats se name in.			
Wat is jou godsdiens of religie?			
Watter spesiale feesdae vier julle?			
Wat eet julle graag?			
Watter spesiale klere trek julle aan?			
Saam met wie vier julle jul feesdae?			



Ons doen

Kyk na die prent. Dit is 'n kaart van ons wêreld. Jy kan sien dat die oppervlak van ons wêreld uit land en see bestaan. Kleur die see blou in. Kleur die land bruin in. Teken 'n paar visse in die see.





Onderwyser:

Teken:

Datum:



My held

Ons praat

Hou 'n klasgesprek oor of daar kinders met gestremdhede in julle skool is.

Wat kan die skool doen om hulle te help terwyl hulle by die skool is?

Kan mense met gestremdhede sportkampioene word?



Ons lees

Party helde het gestremdhede. Hulle is rolmodelle wat ons kan navolg. In Suid-Afrika is daar baie sportkampioene wat gestremd is. Ken jy enige mense met gestremdhede wat uitblink in sport?

Natalie du Toit het die onderste deel van haar linkerbeen in 'n motorfietsongeluk verloor. Sy loop met 'n kunsbeen, maar gebruik net een been wanneer sy swem.



Ons praat

Praat oor mense met gestremdhede wat wonderlike dinge doen. Dink aan die volgende:

- Daar is blinde mense wat musiekinstrumente bespeel. Weet jy van so iemand?
- Daar is ook dowe mense wat liedjies skryf. Kan jy aan 'n voorbeeld dink?

Datum: .....



Ons skryf Skryf hieronder iets oor jou held of rolmodel.

My held of rolmodel is:

Teken 'n prent van jou held of rolmodel. Skryf langs jou prent die woorde wat hom of haar die beste beskryf. Voorbeelde: vriendelik, hulpvaardig, dapper, liefdevol.

Hoe kan jy 'n held wees? Bespreek jou idees met jou maat.

Skryf nou 'n storie waarin jy die held word. Voltooi hieronder:

Eendag het ek

Ek het besluit om

Ek

Dit is hoe ek 'n held geword het.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

Ons suiwer water

Ons lees Kyk na 'n glas water.



Sien jy enigiets daarin?

Nee, jy sien niks nie. Maar het jy geweet dat daar soms kieme in water is? Hierdie kieme is so klein dat ons hulle nie met die blote oog kan sien nie. As ons die water drink sonder om eers van die kieme ontslae te raak, kan ons baie siek word. Ons moet altyd seker maak dat water wat ons drink, skoon en suiwer is.

Ons praat Praat oor wat kan gebeur indien ons vuil water drink. Kyk dan na die prente hieronder. Praat met jou maat oor verskillende maniere waarop ons water kan suiwer.



Voeg chloortablette by die water.



Kook water 5 minute lank.



Voeg chemikalieë by.





Filtreer die water.

Datum: .....

Ons praat

Watter water is veilig om te drink? Kleur die waterdruppel blou in as jy dink dat dit veilig is om te drink.

Rivierwater		Boorgatwater	
Kraanwater		Gebottelde water	
Seewater		Gekookte water	

Ons doen

Werk in groepe en maak 'n waterfilter om water te suiwer. Luister mooi wanneer jou onderwyser verduidelik hoe dit gedoen moet word.



Julle het die volgende nodig:

'n 2 liter-plastiekbottel
Fyn sand
Growwe sand
Klein klippies/gruis
'n Skêr
Watte



Ons skryf

Skryf die stappe om 'n waterfilter te maak in die regte volgorde neer.

	Voeg fyn sand bo-op die watte by.
	Draai die bottel onderstebo.
	Voeg growwe sand by.
	Sny die bodem van 'n plastiekbottel versigtig af.
	Drup die modderwater bo in.
	Gooi klein klippies of gruis in die bottel.



Onderwyser:
Teken:
Datum:

14

'n Gesonde lewenswyse



Ons lees

Lees hierdie goeie en swak gewoontes. As jy dink dit is 'n goeie gewoonte, maak 'n regmerkie (✔) daarby. As jy dink dis 'n swak gewoonte, maak 'n kruisie (✘) daarby.

Gewoontes Die onderwyser help die leerders om te lees.	Goed ✔	Swak ✘
Ek eet gesonde voedsel.		
Ek gooi rommel by die motor- of taxivenster uit.		
Ek was gereeld my hare.		
Ek eet baie lekkergoed.		
Ek hou my naels en my ore skoon.		
Ek borsel my tande een maal per maand.		
Ek tel rommel op en gooi dit in die vullisdrom.		
Ek was my hande nadat ek die toilet besoek het.		
Wanneer ek hoes of nies, hou ek my hand voor my mond.		
Ek oefen gereeld.		
Ek was my hande voordat ek iets eet.		
Ek lê ure lank voor die TV rond.		
Ek sit by volwassenes wat rook.		

Datum: .....

Ons doen

Maak 'n plakkaat oor 'n goeie of 'n swak gewoonte.

Ons skryf

Assesseer jou eie plakkaat. Lees elke stelling. Voeg 'n bly gesiggie by indien die stelling waar is en 'n hartseer gesiggie indien die stelling nie waar is nie.



	Ja	Nee
My plakkaat is kleurvol en netjies.		
Ek het dit geniet om my plakkaat te maak.		
Dit was vir my moeilik om my plakkaat te maak.		

Gaan buitentoe



- Hoe ver kan jy spring? Plaas drie stukkies tou 'n entjie van mekaar af op die grond en spring dan daaroor. Skuif die stukkies tou verder uitmekaar om te kyk hoe ver jy kan spring.
- Vra twee maats om 'n springtou te swaai sodat jy daaroor kan spring.
- Maak beurte om oor die tou te spring.



Bederfbare en nie-bederfbare produkte



Ons praat

Praat oor watter voedselsoorte koel gehou moet word om te keer dat dit bederf. Besluit watter voedselsoorte nie koel gehou hoef te word nie, maar in 'n kas gebêre kan word. Knip die prente op die knipselblad uit en plak hulle óf in die yskas óf in die kas in.



Datum: .....





















Gesels oor hoe ons voedsel teen insekte soos vlieë en miere kan beskerm.











Godsdienstige en ander spesiale dae

Ons lees

Mense oral ter wêreld vier spesiale feesdae.
Watter feesdae gaan julle vier?



Op Kersdag ontvang ons geskenke. Ons gee ook aan familie en vriende geskenke. Ons het 'n Kersboom in ons huis. Ons plaas die geskenke onder die Kersboom. Ons versier die boom en maak 'n ster heel boaan vas. Ons bring tyd saam met ons geliefdes deur.



Ons kan nie wag vir Diwali nie. Dit is wanneer ons baie lekkergoed en geskenke ontvang. Ons verpak heerlike lekkergoed en koekies in bokse en gee dit aan mense wat ons besoek. Ons steek klein lampies oral in die huis aan. Ons versier ons huis en hou vuurwerkvertonings.

Datum: .....



Ons kan nie wag vir Chanoeka nie. Ons gaan baie lekker dinge eet. Ons eet graag pannekoek en olieringe. Ons hou ook daarvan om geskenke te ontvang. Ons neefs en niggies kom vir ons kuier. Ons help almal om die voedsel voor te berei en ons steek kerse in die huis aan.

Binnekort vier ons Eid. Ons hoop ons sal mooi geskenke ontvang. Ons sal ook vir ons vriende geskenke gee. Ons sal baie koek en lekkergoed eet. Die maan se vorm sê vir ons wanneer dit Eid is. Dit val elke jaar op 'n ander dag.





Ons sing

Sing vir enige van die spesiale dae 'n liedjie wat jy ken.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

17

Die seisoene

Ons praat

Kyk na die prente van die vier seisoene. Sê vir jou maat wat jy in elke prent sien. Gesels oor hoe die vier seisoene verskil.



Van watter seisoen hou jy die meeste? _____

_____

Waarom hou jy van hierdie seisoen? _____

_____

In watter seisoen verjaar jy? _____

_____

Datum: .....



Ons sing

Goeiemôre, mnr. Son!

Dis lekker om jou te sien opkom.
Ons hou van jou blink geel gesig.
Goeiemôre, mnr. Son.



Reën, reën, gaan nou weg!
Kindertjies wil speel en staan al reg.
Kom weer op 'n ander dag.
Ons sal jou graag later verwag.



Onderwyser:
Teken:
Datum:

18

Die vier seisoene

Ons doen

Sny prente van die seisoene op die knipselblad uit. Plak elke prent langs die naam van die korrekte seisoen.



winter

Junie

Julie

Augustus

lente

September

Oktober

November



Datum: .....



somer

Desember

Januarie

Februarie

herfs

Maart

April

Mei





Gaan buitentoe





Oefen julle balvaardighede.
Gooi 'n bal teen 'n muur.
Marsjeer op een plek terwyl jy die bal laat wip.
Hardloop heen en weer tussen die bakens deur terwyl jy die bal op die vloer laat wip.



19

Die seisoene

Ons lees



Somer

Die weer is sonnig en warm.

Die dae is lank en die nagte is kort.

Ons bly koel deur te swem of in die skaduwee te sit.

Herfs

Dit raak koeler.

Die blare begin verkleur en van die bome afval.

Party voëls trek na warmer plekke toe.





Winter

Dit raak koud.

In sommige plekke ryp en sneeu dit.

Die dae is kort en die nagte is lank.

Sommige diere slaap deur die winter. (Hulle hiberneer.)

Lente

Dit raak warmer.

Die plante begin groei en die bome bot.

Voëls begin neste bou en eiers lê.



Datum: .....

Ons praat

Verskillende groente en vrugte groei in verskillende seisoene. Kyk na hierdie somerkos en winterkos. Sê vir jou maat wat jy graag eet wanneer dit warm is en wanneer dit koud is.



Die kossoorte van elke seisoen



Onderwyser:

Teken:

Datum:

Ons trek reg aan vir die weer



Ons teken

Teken 'n seun en 'n dogter. Gee vir die seun lekker warm wintersklere en vir die dogter koel somersklere.



Seun	Dogter



Gaan buitentoe

- Plaas 'n aantal hoepels op die grond of trek kringe in die sand. Julle kan ook met 'n stuk kryt kringe en vierkante op die grond trek.
- Wanneer jou onderwyser die teken gee, spring met albei voete in die sirkel in.
- Wanneer jou onderwyser die volgende teken gee, spring op een voet uit die sirkel uit.
- Speel eenbeentjie ("hopscotch").



Datum: .....

Ons praat

Sê vir jou maat watter soort klere ons in elke seisoen dra. Watter klere verkies jy?

Verbind elke beskrywing met die regte foto.

Ons skryf

Die weer bepaal ons kleredrag

Wanneer dit sonnig is, dra ons hoede om ons teen die son te beskerm.	
As dit koud is buite, dra ons warm wolklere.	
Wanneer dit warm is, dra ons koel klere.	
Op reënerige dae het ons 'n reënjas en 'n sambreel nodig.	

Onderwyser:

Teken:

Datum:

Die invloed van die seisoene

Ons lees



Lente

In die lente begin die bloeisels bot.

Ons sien meer voëls en bye en meer blomme en nuwe blare.

Die voëls maak nessies en lê hul eiers.

Die boere skeer hul skape.

Somer

In die somer pluk die boere hul vrugte. Al die diertjies is meer aktief.

Op baie plekke reën dit swaar en daar is donderstorms en weerlig.

Gras, bosse en blomme groei weliger en bome word hoër.



Datum: .....



Herfs

Sommige diere begin kossies vir die winter wegbêre.

Die blare van die bome begin geel, bruin, rooi en oranje word.

Die gras begin bruin word.



Winter

Sommige diere slaap die hele winter deur. Ons sê hulle hiberneer. Hulle bly warm omdat hulle pels dikker word.





Ons skryf

Wat doen party diere die hele winter lank? _____

_____

Hoe beskerm party diere hulself teen die koue? _____

_____

Wanneer keer voëls na warmer lande terug om te begin nes maak? _____

_____

Onderwyser:

Teken:

Datum:

Ons kweek 'n boontjieplant

Ons doen

Jy het nodig:

- 5 Boontjies
- Watte
- 'n Piering
- Water



So maak jy:

Plaas die boontjies in watte in die piering.

Plaas die piering op 'n vensterbank in die son en hou die watte nat.

Kyk oor die volgende twee weke hoe die boontjieplant ontkiem en groei.



Kyk na die prentjies van hierdie boontjieplant.

Wanneer jou plant soos hierdie een lyk, skryf die datum neer.

_____	_____	_____	_____
Datum	Datum	Datum	Datum

Datum: .....

Ons doen

Dink 'n toneelstuk oor 'n dier uit.
Jy kan wys hoe 'n beer of 'n eekhoring kos vir die winter bymekaarmaak en bêre.



Gaan buitentoe

Vlieg soos 'n swaeltjie wat na 'n warmer plek migreer.



Seil soos 'n slang wat 'n goeie plek soek om te hiberneer.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

23

Plaasdiere

Ons praat

Kyk na die prent en gesels oor die verskillende plaasdiere wat jy sien.
Watter dier is jou gunsteling?
Wat kry ons van elk van hierdie diere?



Datum: .....

Ons skryf

Vul die korrekte antwoorde in hierdie tabel in.
Ons het die eerste een vir jou gedoen.



Manlik	Ram
Vroulik	Ooi
Kleintjie	Lam
Geluid	Mê
Blyplek	Kraal



Manlik	
Vroulik	
Kleintjie	
Geluid	
Blyplek	



Manlik	
Vroulik	
Kleintjie	
Geluid	
Blyplek	



Manlik	
Vroulik	
Kleintjie	
Geluid	
Blyplek	

Onderwyser:
Teken:
Datum:

Op die plaas



Ons sing

Sing hierdie liedjie op die wysie van "Ver in die Wêreld Kitty".



Daar op die plaas is beeste, skape, varke.
Daar op die plaas is hoenders,
ganse op die dam.
Die beeste bulk, die skape blêr,
Die ganse hoor jy ver.
Die varke maak 'n groot geraas,
Die haan dink hy's die baas!
Daar op die plaas is beeste, skape, varke.
Daar op die plaas is hoenders,
ganse op die dam.
Die koeie melk ons emmers vol,
Die skape gee ons wol.
Die eiers kry ons van die hen
Dis die beste wat ons ken.



Datum: .....

Ons sing

Sing die liedjie verder. Gebruik die name van hierdie diere.



Daar op die plaas
is honde



Daar op die plaas
is eende



Daar op die plaas
is perde

Gaan buitentoe

Kom ons loop op 'n balanseerbankie.

- Loop op die balanseerbankie sonder om af te val.
- Gooi 'n bal in die lug en vang dit sonder om af te val.
- Galop soos 'n perd.
- Waggel soos 'n eend.
- Loop soos 'n robot.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

Wilde diere

Ons lees





Die leeu behoort aan die katfamilie. Hy word as die koning van die diereryk beskou. Leeus jag diere soos bokke en sebras. Die wyfies doen die meeste jagwerk. Hulle jag dikwels in groepe. Leeus verkies dit om op oop grasvlaktes te leef. Hulle kan baie hard brul.



Olifante is die grootste soogdiere op land. Hulle is in gevaar omdat wilddiewe hulle vir hul ivoortande jag. Hierdie tande groei hul lewens lank. Hulle gebruik hul slurpe om wortels, vrugte en water na hul monde te bring. Hulle eet tot 200 kg voedsel per dag en drink 190 liter water.

Datum: .....



Daar is twee soorte renosters, die swart renoster en die wit renoster. Hulle kan nie baie goed sien nie, maar hulle het 'n baie fyn reuksin. Hulle is baie groot en kan tot 2 500 kg weeg. Hulle word gereeld deur jagters en wilddiewe gejag vir hul horings. Ons moet hulle teen jagters beskerm wat hulle vir hul horings jag.



Die volwasse luiperd kan tot 2 meter lank word. Sy pels is ligbruin met swart kolle. Hy kan goed boomklim en jag. Hy trek sy prooi maklik in 'n boom om daar te vreet.



Buffels leef in troppe. Wanneer daar gevaar is, kom die koeie en kalfies in die middel van die trop bymekaar en word hulle deur die bulle beskerm. Sommige buffels kan tot 1,7 m groot word.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

26

Hoe diere wegkruip

Ons lees











Sommige diere beskerm hulleself deur hul voorkoms te verander om by hul omgewing aan te pas. Verkleurmannetjies kan hulle kleur verander om aan te pas by die bome waarin hulle woon. Die sebra se strepe maak dit moeilik om hom in die bos te sien. Die pels of vere van sommige diere is so aangepas dat hulle nie maklik raakgesien word nie. Ons noem dit kamoeflering. Dink aan nog diere wat van kamoeflering gebruik maak.













Vir die pret



Julle onderwyser sal julle wys hoe om die stoeledans ("musical chairs") te speel.



Datum: .....

Ons doen

Teken 'n wilde dier. Vertel dan vir jou maat hoe die dier homself kamoefleer.



27

Waterdiere



Ons doen

Voltooi die prentjie deur prente van diere wat in riviere woon te teken of in te plak.

Datum: .....

Diere van die diepsee

Ons praat Kom ons gesels oor al die verskillende diere wat in soutwater leef.



Daar is ook kleiner diertjies wat in rotspoeletjies in vlak water leef.



Onderwyser:
Teken:
Datum:

Dierekuns



Ons praat Gesels oor die seediere op bladsy 55.

- Watter van hierdie seediere kan deur mense geëet word?
- Watter seediere is gevaarlik?
- Waardeur word die lyf van 'n vis bedek en beskerm?
- Noem 'n paar maniere waarop die see besoedel kan word.
- Wat dink jy sou gebeur as die see met rommel of gifstowwe besoedel word?

Ons skryf Skryf in die drie kolomme van die tabel die name van diere wat in riviere, in damme of in die see woon.

Rivier	See	Dam

Datum: .....

Ons doen

Maak jou eie vistenk.

- Verf die binnekant van 'n skoendoos blougroen en plaas dit op sy een sy.
- Knip die visprentjies op die knipselblad uit.
- Heg die visprentjies met kleefband en tou aan die bokant van die boks vas.



Gaan buitentoe

- Vlieg soos 'n voël; eers vinnig en dan stadig.
- Waggel soos 'n pikkewyn.
- Zoem soos 'n by.
- Loop soos 'n krap.
- Swem soos 'n vis.
- Spring soos 'n padda.
- Speel navolgertjie ("follow-my-leader").
- Speel die kat-en-muis-speletjie.













Onderwyser:

Teken:

Datum:

30 Diere wat hul huise met hulle saamdra



Ons lees



Het jy geweet? Ek pas netjies in my dop in en dit word nooit vir my te klein nie.

Die skilpad

Die skilpad is 'n reptiel met vier skubberige pote en 'n gerimpelde nek en kop. Hy beweeg stadig met sy dop op sy rug.

Waar woon hulle?

		
Waterskilpad: Ek leef in die see.	**Moerasskilpad**: Ek leef in varswater in vleilande.	**Landskilpad**: Ek leef op land.



Ons skryf **Beantwoord hierdie vrae oor die skilpad wat op land leef.**

Is die skilpad se dop hard of sag? _____

Waarteen beskerm die skilpad se dop hom? _____

_____

Wat doen 'n skilpad wanneer hy bang is? _____

Watter kos eet skilpaaie? _____

_____

Datum: .....

Die slak

Kyk na die dop van die slak.



Hoe beweeg 'n slak vorentoe? _____

Het jy al ooit 'n leë slakdop opgetel? Wat dink jy het met die slak gebeur?

_____

Watter kleur is die slak se dop? _____

Waarom dink jy het slakke doppe? _____



Ons skryf

Waar dink jy woon ek? Skryf langs my prentjie of ek my blyplek in 'n boom, in die grond of in die water maak.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

31 Diere wat skuilings bou

Ons doen

Verbind hierdie diertjies met hul woonplekke.





Ons lees

Bye



Bye woon in byekorwe.

Hulle bou hul korwe van was.

Hulle berg voedsel in hul korwe.

Datum: .....

Miere



Miere bou verskillende soorte skuilings. 'n Klein miertjie kan iets dra wat vier maal swaarder as hy is. Miere kommunikeer met mekaar. Hulle waarsku mekaar wanneer daar gevaar is en hulle vertel vir mekaar waar om kos te kry.



Ons skryf

Waarom dink jy bou miere skuilings? _____

_____

Wie is die mier se vyand? _____

_____

Watter materiaal gebruik miere om hul skuilings te bou?

_____



Ons lees

Voëls

Voëls bou neste as skuilings en om hul eiers in te lê. Die grootte van die nes hang van die grootte van die voël af.

Waarvan bou voëls hul neste?

_____

Watter dier is die voël se vyand?

_____



Onderwyser:

Teken:

Datum:

A a

B b

C c

D d

E e

F f

G g

H h

I i

J j

K k

L l

M m

N n

O o

P p

Q q

R r

S s

T t

U u

V v

W w

X-Z x-z





P. 29




















P. 19



GEN LS G2 B1 CUTOUTS.indd 2 2014/04/24 10:41 AM

P. 36-37

















P. 57



















GEN LS G2 B1 CUTOUTS.indd 4 2014/04/24 10:42 AM